

Despite its overwhelming detail, *A cameo from the past* can be considered as a work that succeeds in its stated aims. It is an important contribution, and is recommended to anyone interested in wildlife, the Kruger National Park, and the politics of South Africa. Because it is very well-illustrated, it can even serve as a wonderful “coffee table” book, hopefully cultivating an awareness and love for nature, as well as history.

*Armbankes*

(Kaapstad: Tafelberg, 2012, x + 200 pp. ISBN 978-0-624-05643-0)

**Edward-John Bottomley**

Wessel Visser

*History*

*Universiteit van Stellenbosch*

wpv@sun.ac.za

Die onderwerp “armbankes” is natuurlik nie nuut in die Suid-Afrikaanse historiografie nie en in hierdie opsig sluit Bottomley se werk aan by ‘n aantal gewigtige publikasies wat alreeds hierdie tema of aspekte daarvan histories ondersoek het, byvoorbeeld dié van Grosskopf, Van Onselen, Beinart *et al*, Keegan, Morrel, Lange en Teppo, asook vele ander.<sup>1</sup> Bottomley se boek is ‘n verwerking van sy MA-graad aan die Universiteit van Cambridge oor die geografiese geskiedenis van armbankes in Suid-Afrika. Dis in Afrikaans in boekvorm deur Erika de Beer vertaal.

Die boek bestaan uit vyf hoofstukke, te wete “Die ontdekking van die armes”, “Die arm stad”, “Die arm volk”, “Die goeie bankes” en “Die moderne armes”. Veral die teoretiese vertrekpunte van hoofstuk een, waar die skrywer aspekte soos klassifikasie, koloniale stedelike beplanning en rasse-orde, witheidstudies,

<sup>1</sup> Sien bv. JFW Grosskopf, *Rural impoverishment and rural exodus: Report of the Carnegie Commission*, Pro Ecclesia, Stellenbosch, 1932; C van Onselen, *Studies in the social and economic history of the Witwatersrand 1886-1914, Vol. I: New Babylon* (Ravan Press, Johannesburg, 1982); W Beinart, et al (eds.), *Putting a plough to the ground. Accumulation and dispossession in rural South Africa, 1850-1930* (Ravan Press, Johannesburg, 1986); T Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa. The Southern Highveld to 1914* (Macmillan Press, Basingstoke, 1987); R Morrel (ed.), *White but poor: Essays on the history of the poor whites in Southern Africa, 1880-1940* (Unisa, Pretoria, 1992); L Lange, *White, poor and angry: White working class families in Johannesburg* (Ashgate, Aldershot, 2003); A Teppo, *The making of a good white: A historical ethnography of the rehabilitation or poor whites in a suburb of Cape Town* (University of Helsinki, Helsinki, 2004).

armblankekommissies en eugenese as bepalende faktore in die vorming van ‘n armblankeklas analyseer, is van die sterk punte in die boek.

Daarna volg die skrywer die tradisionele armblanke narratief deur te verduidelik hoedat sosio-ekonomiese toestande op die platteland ‘n blanke verskuiwing na die stede genoodsaak het en hoedat die arm-blanke verskynsel hom in stedelike krotbuurte gemanifesteer het. Hy kom tot die gevolg trekking dat om die “armblankeprobleem” op te los, moes die staat eers die aard en omvang daarvan kon bepaal, om hulle as’t ware te “ontdek” en te dokumenteer deur middel van kommissies. Hierdie kommissies het in hulle ondersoekproses die diskouers gevestig hoe die “probleem” gehanteer moes word aangesien die vestiging van ‘n verenigde wit volk vereis het dat alle lede van daardie groep wit moes wees. Gevolglik het arm wittes deel geword van ‘n volgehoud verbeelding van Afrikanerdom deur hulle lewenstandaarde te verhoog en die persepsie van die armes te verbeter.

Dis egter waar die skrywer poog om die hantering van die armblankeprobleem aan die hand van Afrikaner-nasionalisme te interpreteer dat hy begin klei trap. Bottomley trap in dieselfde slaggat waarin menige Engelssprekende historikus beland wanneer hulle poog om Afrikaner-nasionalisme, Afrikaanse taal en kultuuraspakte en Afrikaner-politiek te ontleed en te verklaar. En dit is om Dan O’Meara se hoogaangeprese sosio-ekonomiese en politieke studie oor Afrikaners<sup>2</sup> klakkeloos en kritiekloos na te volg. Dis asof O’Meara se dikwels ongenuanseerde vertolking van ‘n allesoorheersende Afrikaner kulturele entrepreneurelite, wat glo alles rondom die Afrikanerdom sou vorm, skep, bestuur en beheer, ‘n soort interpretasietemplaat vir diesulkes vorm. Die ou holruggeryde Broederbond is weer die stereotipiese Antjie Somers wat so ‘n skadelike invloed op Afrikaner gehad het.

In navolging van O’Meara maak Bottomley die volgende absurde stellings op p. 123: “Deur sulke skeppings [soos die FAK] het die Bond gehoop om Afrikaner-eenheid te bevorder en daardeur ‘n volk te skep waar daar nie een was nie en ‘n verenigde geskiedenis te bedink” (my kursivering)...In ‘n groot mate is die kultuur van Afrikaners vandag *die produk van die Bond se beleid*” (my kursivering). Alhoewel Bottomley hier vir O’Meara aanhaal, wend hy geen poging aan om sy stellings kritis te analyseer nie. Volgens hierdie stellings was die aard en wese van die Afrikaners sonder die Broederbond onmoontlik

---

<sup>2</sup> D O’Meara, *Volkskapitalisme: Class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism, 1934-1948*, (Ravan Press, Johannesburg, 1983).

en sou dan by implikasie eers sedert 1918, toe die AB gestig is, werklik “in wording” kom slegs danksy daardie organisasie! Dit is ook neerbuigend teenoor armes asof hulle bloot willose wesens was met geen agentskap van hulle eie nie. Alhoewel Bottomley Giliomee se gesaghebbende werk oor die Afrikaners<sup>3</sup> geraadpleeg het, het hy klaarblyklik nie kennis geneem van laasgenoemde se breedvoerige verduideliking dat die Broederbond nie naastenby so magtig en magies was soos wat die O’Meara-navolgers klaarblyklik wil hê dit moet wees nie.

Ander problematiese aspekte van die boek lê by die Afrikaanse vertaling wat plek-plek uiters swak gedoen is en in vele gevalle tot direkte vertalings en erge anglisismes aanleiding gee. Om enkele voorbeeldte te noem: “Van 1886 is die storie (i.p.v. verhaal) van Suid-Afrika die storie (i.p.v. verhaal) van goud”, p.26; “network” (i.p.v. netwerk), p.33; “verskillende tyde” (i.p.v. tye), p.39; “het dié heerskappye elke beskikbare ware ‘wittes’ benodig”, p.42; “middelste dekades van die twintigste eeu” (i.p.v. in die middel van die twintigste eeu) en “botsende poliglot”, p. 70, “armer kwartiere” (i.p.v. armer buurte) en “residentpoel van deskundige getuienis”, p.78; “Afrikaner-generaal” (i.p.v. Boeregeneraal), “Gekose Komitee oor Europese Werkloosheid”(i.p.v. Blanke Werkloosheid) en “opvatting van wit armoede” (i.p.v. opvatting oor), p.79; “gaping tussen hulle wat gebrekkig gevul word” en “nie-Europese werker”(i.p.v. nie-blanke werker), p. 80; “die kommissies is ook merkwaardig vir die mymeringe van professor”, p.82; “moontlik gemaak deur baie klein gewetensterfes”, p.108; “Hertzog, daardie blinde en ruimhartige nasionalis” (waar met blinde waarskynlik iets soos onverbiddelike bedoel word), p.112, “ook Koos”(i.p.v. oom Koos), p.157 en “as sulks” (i.p.v. as sodanig), p.185.

Op p. 62 kom die volgende direkte vertaling voor wat totaal onsinnig en onbegrypplik in Afrikaans is: “As tonele van potensiële maatskaplike onrus wat die koloniale verbeelding gedestabiliseer het, is die ligging van die stedelike armes, onder wie probleemgroepe soos misdadigers en prostitute, tipies omlyn. Dit was onvermydelik ‘n kru proses”. Op p.162 verwys die skrywer na ‘n oop gebied in die Wes-Kaapse armblankebuurt, Ruyterwacht, wat volgens hom aanvanklik as ‘n feesterrein vir volkspele en boeremarkte gebruik is en later in ‘n motorrenbaan omskep is. Hierdie inligting is net gedeeltelik korrek. Dit het as die Goodwoodse skouterrein ontwikkel waar die jaarlikse landboutentoonstelling van die Wes-Kaapse Landbou-unie tot ongeveer die einde van die twintigste eeu gehou is en waarna dit as die Grandwest-

<sup>3</sup> H Giliomee, *The Afrikaners: Biography of a people* (University of Virginia Press, Charlottesville, 2003).

casinokompleks ontwikkel is. Vervolgens verklaar die skrywer op p.172 dat die vakbond Solidariteit in 1902 as die Mynwerkersonie gestig is. Die korrekte interpretasie is egter dat die Transvaal Miners' Association in 1902 gestig is, wat in 1913 tot die Suid-Afrikaanse Mynwerkersonie herdoop is en in 2002 weer 'n naamsverandering tot Solidariteit ondergaan het.

Desnieteenstaande sy tekortkominge het die boek meriete vir historici wat in sosiale geskiedenis belangstel. Die laaste hoofstuk, getitled "Moderne armes" bevat, soos die hoofstukopskrif lui, interessante nuwe inligting oor kontemporêre armlankes, alhoewel dit in wese op armlanke buurtes in die Kaapse Skiereiland fokus en nie 'n uitgebreide analise vir die oorsake van hierdie hernude armoede bied nie. Alles inaggenome, bring Bottomley se studie, benewens sy laaste hoofstuk, geen nuwe kennis ten opsigte van die interpretasies en narratiewe van die geskiedenis van armlankes na vore nie. Tog is sy samevoeging en bespreking van bestaande en nuwe insigte oor hierdie onderwerp goed in die publikasie verpak en is die werk 'n nuttige naslaanbron oor die geskiedenis van armlankes in Suid-Afrika.

*Re-imagining the Social in South Africa: Critique theory and post-apartheid society*

(Scottsville, UKZN, 2009, 308pp., index. ISBN: 978-1-86914-179-0)

**Heather Jacklin & Peter Vale**

Lisa Thompson  
University of Pretoria  
lisa.thompson@up.ac.za

Mamphela Ramphele on 25 April 2013 stated at the Wits Origins Centre in Braamfontein, in her address entitled "Fear in South African politics", that people are afraid to speak out against the "ills and abuse by the government and the ruling party" (Ndaba, 2013). It is both salutary and depressing to note that the fear of the ruling party is one of the most prominent factors governing society today, four years after the publication of this book. Fear is a theme that runs through the collection of essays and various authors identify instances where the people are afraid, for various reasons, of the ruling party –